KLEIN KAROO AGRI

(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

15 Julie 2021

Geagte produsente, die landbou gemeenskap en kliënte

Dit is koud, maar dit is mooi om die Swartberge so te sien met sy wit sneeukombers. Ons bly hoop dat saam met die koue die langverwagte reën naby is. Om positief te bly in die moeilike landbou- en ekonomiese omstandighede en uitdagings is nie maklik nie. Daar is so baie faktore wat 'n rol speel op ons gemeenskap. Ons is tans op vlak 4 van die nasionale inperking, daar is politieke onrus in dele van ons land en saam met die droogte wat nog in groot dele van die streek voorkom, bring dit 'n groot mate van onsekerheid. Ongeag die verskillende vlakke van inperking bly die volgende Covid-19 protokolle in plek: sosiale afstand, die dra van maskers en gereelde hande was. Bestuur vra dat alle kliënte, personeel en verskaffers maskers sal dra wat hulle neus en mond bedek in al Klein Karoo Agri se takke, store en by ons vulstasies. Sukses in die huidige omstandighede is slegs moontlik deur lojale ondersteuning van al ons produsente en kliënte waarvoor ons baie dankbaar is.

Die ses handelstakke van Klein Karoo Agri saam met die vrugte-afdeling presteer baie goed en word daar gefokus op volgehoue goeie diens en verantwoordelike voorraadbestuur. Die vee-veilings en verhandelingsafdeling vaar goed in omstandighede waar die vee-getalle onder baie druk is as gevolg van die droogte. Elke tak word as 'n afsonderlike besigheidseenheid ontleed en is daar 'n spesifieke fokus op elke deel van ons besigheid.

Die meganisasie-afdeling, wat besproeiing insluit, toon goeie groei en is 'n goeie besigheidseenheid. Met genoeg goed opgeleide personeel, wat oor goeie tegniese kennis beskik, kan ons Klein Karoo Agri se produsente en kliënte diens wanneer en waar nodig. Die strategiese besluit om met Case, Northmec-implemente, Case-konstruksie, Rovic Leers en verskeie ander geselekteerde verskaffers van landboumasjienerie en toerusting langtermyn vennootskappe te vestig, werp vrugte af en het Klein Karoo Agri se markaandeel redelik gegroei die afgelope paar jaar. Die meganisasie-afdeling en gepaartgaande produkte en dienste bly 'n prioritiet vir Klein Karoo Agri as 'n landbou-besigheid, waar ons waarde kan toevoeg vir elke produsent.

Die Case, Northmec-implemente en Case-konstruksie agentskappe in George (vanaf Plettenbergbaai tot Riversdal) het die afgelope jaar beskikaar geraak en is Klein Karoo Agri genader vir die agentskappe. Nadat die geleentheid ondersoek is, het Klein Karoo Agri 'n perseel in George bekom en sal ons vanaf 1 September 2021 'n tweede meganisasie-tak in die Klein Karoo Agri groep open, saam met die huidige meganisasie-tak in Oudtshoorn. Vir Klein Karoo Agri is hierdie 'n trotse oomblik en vorm dit deel van ons diversiviseringsplan om sodoende ons risiko's te versprei. Ons nooi al die produsente en kliënte om vanaf September 2021 by ons nuwe George meganisasie-tak te gaan inloer. Meer besonderhede oor die opening en spesiale aanbiedinge sal later deurgegee word.

Baie dankie aan u wat Klein Karoo Agri so getrou en lojaal ondersteuning. Klein Karoo Agri fokus op dit wat ons kan verander en waarop ons kan verbeter om die koopervaring vir u so aangenaam moontlik te maak. Elke produsent en kliënt is belangrik vir Klein Karoo Agri en is deel van Klein Karoo Agri se suksesverhaal. Bly veilig en pas uself asseblief op gedurende hierdie onsekere tyd.

Groete

Terblanche du Plessis
Besturende Direkteur

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com